

HOOFSTUK I

FEITE OF VRAE

ONLANGS is 'n taalonderwyser berispe omdat hy in 'n wetenskaplike tydskrif teen die taalwette sou gesondig het deur die ww. op die verkeerde plek te plaas. Die bewering het ongeveer gelui dat die ww. in 'n bysin op die end moet staan, net soos infinitief en deelwoord in 'n hoofsin.

Die onderwyser het skuld bely en die kritiek aanvaar.

Dit was nie nodig nie, want hy het geen wet oortree nie, hoogstens 'n stilistiese fout begaan. Maar daar bestaan 'n groot verskil tussen *taalwette* en *stilistiese voorskrifte*; eersgenoemde is onder alle omstandighede bindend, terwyl stilistiese voorskrifte aanwysings is wat steeds onderhewig bly aan faktore soos situasie, verband, sinsbou en ritme.

Die volgende sinne toon hoe party van ons bekende skrywers van hierdie voorskrif i.v.m. die ww. se posisie afwyk:

Gaan *neem* my plek by die vorsten! — Nee, Koos, laat *staan* my! — Johan het verneem dat sy *gaan* water *haal* *het* by die fontein. — Ek moet hom *hê* vir die vangkans môre hier voor op die tweede welbank. — Enkele sterre het al *begin uitkruip* teen die oosterhemel. (Hans-die-Skipper.)

Tot alles weer *regstaan* vir die volgende môre. — Net een ding het in die laaste tyd weer 'n beroep *gaan doen* op haar oorwonne gevoel. — Sy dink aan die môre toe hulle uit die dorp *gery* *het* net na hulle huwelik. (Laat Vrugte.)

Wat die kort galoppies *afbreek* saam met die slae van sy baas. — Annekie, wat stadig *afswaai* van die grootpad af. — Hy 't hom vanmôre *reggemaak* vir die bruilof van sy oudste kind in opgeruimde vaderskap. (Ampie II.)

Met hierdie uitvoerige aanhalings wil ek nie bewys dat die betrokke ww. nie aan die end van die sin moet staan nie, want die bogenoemde stelling is nie werklik onjuis nie. Dit is net te apodikties en skools.

In Nederlands bestaan daar ook 'n neiging in die omgangstaal om die tweede ww. vorentoe te trek, bv.: „Quick heeft gewonnen tegen Ajax” (Overdiep, parr, 298, 309).*

Van Haeringen wys daarop hoe logies en sielkundig onbevredigend die skeiding van die verbonde wwe. is, veral in lang sinne. As gevolg daarvan kom „afwykende” konstruksies dikwels voor in die omgangstaal, o.a. ook in bysinne: „Het is zo koud dat je kunt het niet warm stoken” (Tangconstructies en reacties daarop, N. Tg. 40, bls. 1—7).

Hierdie hele kwessie van die *woordorde* moet in Afrikaans nog baie deegliker ondersoek en uitgepluis word voordat ons reëls kan neerlê, maar dit is tiperend vir die huidige stand van ons taalopvattinge dat ons steeds soek na reëls en hulle so geredelik aanvaar.

Dink maar aan die reëls i.v.m. die *aanmeakaarskrywe* van woorde, wat telkens op teenstrydighede stuit, dog nietemin op die skool met mag en geweld moet deurgevoer word. En juis hier is dit opvallend dat die skoolmanne die voortou neem, terwyl die academici oor die algemeen teen die oordrewe neiging gekant is.

'n Derde geval van skoolse reëls vind ons in die stelling dat *wat + oor, aan, op*, ens., nie toegelaat mag word nie, terwyl 'n skrywer soos D. F. Malherbe juis die voorkeur hieraan gee bo *waaroor, waaraan, waarop*. Baie ander skrywers verkies *waar* geskei van *oor, aan, op*, ens., bv.: „Die feite waar hy die aandag op vestig.”

Al hierdie gevalle beskou ek as 'n botsing tussen *stilistiese vryheid* en *skoolse dogmatiek*. Dit is begryplik en onvermydelik dat die skool behoefte het aan vastigheid,

* Hierdie neiging is eie aan die volkstaal, ook in die 17de eeu volgens Overdiep wat veral Bredero en Huyghens in die verband noem (Syntaxis I bl. 232).

maar hierdie soort wette bedreig later die ongedwongenheid en versmoor spontaniteit.

Daar is een feit wat nie genoeg kan beklemtoon word nie, veral by ons „taalreglementeerders.” Dit is dat probleme inherent is aan alle tale, want probleme is bewys van groei en ontwikkeling. Afrikaans verkeer nog in 'n baie meer vloeibare toestand as byvoorbeeld Engels, Nederlands en die groot kultuurtale van Wes-Europa. Maar ons moet die baie moontlikhede juis as wins beskou, want 'n taal is eers finaal gestandaardiseer as dit ophou lewe, soos Latyn.

Die keuse wat ons moet doen tussen vorme, tussen konstruksies of tussen woorde vereis dinkwerk meer as 'n reeks skoolse reëls wat gememoriseer kan word. Tog mag ons nie sulke reëls kunsmatig skep nie.

Omdat hierdie belangrike beginsel van taalvryheid skynbaar in die gedrang raak, het ek verkies om in die volgende hoofstukke die probleme ewe duidelik as die antwoorde te stel, want in baie gevalle sal die taalman wat die probleme in die regte perspektief gesien het, 'n ewe goeie antwoord vind as wat ek kan aanbied. Terselfdertyd het ek die perspektief verruim deur te verwys na beskouings en feite i.v.m. ander tale soos Engels, Nederlands, Duits en Frans.

HOOFSTUK II

DIE WOORD

BETEKENIS EN DING

GESTEL ek sit in my stoel en wil *Die Huisgenoot* hê wat op die bank lê. Ek kan sê terwyl ek daarna wys: „Jannie, gee *dit* asseblief vir my,” of „Jannie, gee my *die tydskrif*,” of „Jannie, gee my *Die Huisgenoot*.” Dan het ek op drie maniere na dieselfde ding verwys. Beteken dit dat *dit*, *die tydskrif* en *Die Huisgenoot* dieselfde betekenis het? Nee, die betekenisse verskil, hoewel die dinge wat hulle aandui dieselfde is.

Hierdie onderskeid tussen die **betekenis** en die **aangeduide ding** is van fundamentele belang in die taalkunde, en as ons dit steeds in gedagte hou, loop ons nie die gevaar om, soos so baie taalkundiges, verwarrende en teenstrydige bewerings te maak nie.

Vir die kind wat nog met moeite abstraheer, is **betekenis** meestal die **bedoelde ding**. Vra hom wat *môre* in Engels is en hy sal bes moontlik antwoord: *Tuesday of Wednesday i.p.v. to-morrow!*

So het 'n hele standerd sewe-klas eenmaal die betekenis van *triestig* as *bewolk* aangegee, omdat hulle die woord alleen in die verbinding *triestige weer* geken het. Wat die woord in die besondere geval aangedui het, was wel *bewolkte lug*, maar dit mag ons nie **betekenis** noem nie.

Wat **betekenis** wel is, kan ek miskien die beste deur middel van 'n vergelyking verduidelik: As ons 'n spyker in 'n muur wil inslaan, kan ons 'n hamer of 'n stuk yster of selfs 'n skoen gebruik, maar al verrig hulle die werk van 'n hamer bly hulle tog yster en skoen. Op dieselfde manier kan ons ons taalgereedskap, die woorde, gebruik. Deur hulle betekenis is hulle veral geskik vir sekere soorte werk (let wel: vir 'n sóort werk en nie vir net één taak nie), maar hulle kan ook soms ander werk verrig. Die slordige taalgebruiker kan-dikwels net soos

die slordige ambagsman wat altyd na die naaste werktuig gryp, alles met *ding* of *dinges* aandui.

Die wesenlikste eienskap van die woord in alle tale bly egter sy **bruikbaarheid** vir verskillende dinge en situasies. (Wat die Franse noem *la mobilité du signe*.) Die kind bereik die peil van intelligente taal wanneer hy ontdek dat 'n woord geen eienaam vir een ding is nie, maar 'n soortnaam of algemene noemer. Daar is nie een ding genoem *stoel* nie, maar 'n menigte van verskillende vorme en gedaantes wat met dieselfde woord aangedui word; anders as *Pappa* of *Mamma* wat telkens net dieselfde persone aandui.

Die feit dat 'n woord verskillende dinge of persone kan aandui, mag ons egter nie daartoe verlei om te meen dat die betekenis minder belangrik as die bedoeling is nie. (In grammatiese terme heet dit dikwels dat 'n woord „op sigself geen betekenis het nie, maar sy betekenis uit die verband haal.”) Dit is 'n dwaling, want hoewel bv. *huis* baie verskillende waardes kan hê in 'n *mooi huis*, *huis toe*, 'n *brilhuis*, 'n *somber huis*, ens., kan dit tog nie beteken *boom* of *gras* of *straat* nie. M.a.w. die betekenis laat wel die aanwending vir verskeie doeleindes toe, maar beperk terselfdertyd die moontlikhede.

Natuurlik bestaan daar woorde soos *hy*, *sy* of *dit* wat 'n wye aanwending toelaat, maar ook hier weet ons dat nie alles as *hy* kan aangedui word nie.

Die verhouding tussen die gebruik van 'n woord en sy betekenis verteenwoordig die grootste probleem in die taalkunde. Gedurig vind ons taalkundiges wat die twee verwar, en ons moet wel erken dat daar 'n wisselwerking tussen die twee bestaan: Die betekenis bepaal die gebruiksmoontlikhede, en die gebruik kan ook die betekenis verander.

PROBLEME EN MISVERSTANDE

By nadere beskouing blyk dat bostaande uiteensetting nog aanvulling vereis; dit is slegs 'n raamwerk waarbinne daar nog plek vir meningsverskil en vir misverstande bestaan.

Ons sal nou enkele beskouings oor woordbetekenis nagaan om deur 'n proses van eliminasië van wanvoorstellings tot die kern van die probleme deur te dring en hulle in die laaste afdeling te probeer oplos.

1. BETEKENIS EN VOORSTELLING

Volgens prof. H. v. d. M. Scholtz is 'n woord „meestal die aanduiding van 'n vage kompleks, van voorstellinge” (bl. 90). Dit kom naastenby ooreen met Erdmann se formulering: „ziemlich unbestimmte Komplexe von Vorstellungen” (Bedeutung des Wortes, bl. 5). Daarby sluit ook aan Overdiep se uitspraak dat die betekenis van 'n woord in „algemeen gebruik selde bepaald of onmiddelyk kenbaar is” (bl. 167).

Die twee belangrikste punte hier is die „vage kompleks” en die „voorstelling.”

Teenoor eersgenoemde stel ons Delacroix se verklaring: „Die woord het altyd 'n presiese en aktuele waarde (sens precis et actuel) op die oomblik van sy gebruik” (bl. 431). So ook Wellander: „In der Wirklichkeit existieren nur Wortindividuen. Das Wort, von dem man in dem Wörterbuch oder in der Grammatik spricht, ist eine Abstraktion aus vielen Wortindividuen, die zu verschiedenen Zeiten gesprochen und gehört worden sind” (bl. 15).

In Wellander se uitspraak lê die verduideliking van die misverstand; Scholtz, Erdmann en Overdiep het die grammatikus of leksikoloog se „woord” in die gedagte en nie die lewende gesproke woord nie.

Nou die „voorstelling”: Ons kom die woord „Vorstellung” by Paul, Wellander e.a. teë; en by die Franse, o.a. De Saussure, die term „image.” Dit slaan soms op die klankbeeld (image acoustique), soms op die skrifbeeld (image graphique), maar veral op die betekenis of begrip. Hoe verwarrend dit kan word, blyk uit die volgende bewering van Wellander: „ganze Reihen von Vorstellungskomplexen die bei dem ersten oder zweiten Hören eines Wortes nötig waren, um die Sachvorstellung

herbeizuführen, treten bei wiederholtem Hören gar nicht ins Bewusstsein und dementsprechend stellt die Vorstellung von der Sache unmittelbar das Wort zur Vorstellung" (bl. 18).

Aangesien dit ons om die betekenis te doen is, wil ek wat die „image acoustique" betref, eenvoudig verwys na die uiteensetting van die saak deur Reichling (hff. 4 en 5). Volgens hom is die klankgedaante geen fisiese of akoestiese konstante nie, maar 'n aanskoulik-onaanskoulike eenheid. Niemand wat 'n vir hom onbekende taal hoor, kan beslis waar al die woorde in 'n sin begin of eindig nie. Nog meer, hy sal dikwels nie dieselfde woord in sy wisselende gedaante herken nie. In Afrikaans is dit veral woorde soos *die, 'n, is, het* wat so 'n onvaste gedaante vertoon. Dus herken ons die woord aan sy betekenis, en nie aan sy vorm nie. Tog het die klanke van 'n woord 'n vorm, maar daardie vorm is geen fisiese of akoestiese konstante nie. Dit is wat die sielkundiges 'n Gestalt noem. (Vgl. Reichling, bls. 172—9.) Die Gestalt is 'n vorm of figuur wat herkenbaar is selfs wanneer die onderdele ontbreek of nie duidelik herkenbaar is nie. So herken ons 'n kubus of 'n silinder in 'n tekening al is die lyne effens krom of gedeeltelik uitgevee. Net so herken ons 'n woord al word dit deur iemand met 'n spraakgebrek uitgespreek.

Maar vir ons is die term *voorstelling* i.v.m. die betekenis van meer belang. Dit is hoofsaaklik deur sielkundiges, o.a. Wundt, in die vorige eeu ingevoer as verklaring van die woordbetekenis en tans word dit weer deur sielkundiges verwerp. Aangesien ek hier geen sielkundige verhandeling skryf nie, wil ek slegs 'n beknopte samevatting gee soos die leser dit kan vind in Langeveld se *Taal en Denken*, hf. IV.

Sassenfeld het op grond van sekere proewe 'n teorie van *bewussynsverdiepinge* of *-lae* gebou. In die onderste laag is die oorspronklike voorstellinge (sintuiglike gewaarwordinge); in die tweede laag is minder aanskoulike voorstellinge wat (L.W.) met mekaar in betrekking gebring is; in die boonste laag is die aanskoulike elemente nóg

meer verdring — selfs afwesig. En hierdie derde laag is die niveau van betekenisverhoudinge.

Sassenfeld beweer dat die abstrakte denke belemmer word deur die aanhaal of optrede van aanskoulike elemente. Ook Moore het vasgestel „dat die betekenis bij het woordbegrijpen eerder opduikt dan een aanschouwelijke voorstelling” (bl. 96). McDonough onderskei drie trappe van betekenisontwikkeling wat ongeveer met Sassenfeld se „lae” ooreenkom; maar hy vind dat op die derde niveau die betekenis beslis sonder die bemiddeling van aanskoulike voorstellinge bereik word. En ook Frohn konstateer: „die Neigung, mit den Worten anschauliche und konkrete Sachverhalte zu verbinden hemmt die Wirksamkeit” (bl. 97).

Natuurlik is dit moontlik om allerlei aanskoulike voorstellinge op te roep wanneer ons die woord beskou soos die sielkundige, die grammatikus of ook die digter, maar *taalbeskouing is iets heel anders as normale taalgebruik*.

Sonder om hom in die sielkundige beskouings te verdiep verwerp Gardiner die opvatting van *voorstellings* soos hy dit by Wundt vind, omdat die skrywer se gebruik van die term so onduidelik is (bl. 245).

2. BETEKENIS EN BEGRIP

Reeds die ouer taalkundiges het ingesien dat woord-betekenis nie gewone **begrippe** is nie. De Saussure wys o.a. daarop dat die verskillende tale selde gelykwaardige sinonieme het (bl. 161), maar daar bestaan nog altyd 'n neiging om van sommige betekenis as begrippe te praat. So verwys prof. Scholtz na „die sogenaamde neutrale woorde, wat slegs begripsinhoud het” (bl. 99).

Tog is dit duidelik dat ons die gewone woordbetekenis in die omgang nie gebruik soos definisies of wetenskaplike begrippe nie, anders sou hulle nie meerduidig kon wees nie (vgl. Pos — Inleiding, bls. 187—9). Wel is daar grade van afgetrokkenheid te onderskei, verklaar Pos. Die s.n.w. leen hom beter tot abstrakte gebruik as die w.w.,

die voorsetel en die voegwoord verteenwoordig meer afgetrokke woordsoorte as die b.n.w. Tenslotte is die woordbetekenisse in die groot kultuurtale gewoonlik meer afgetrokke as in die primitiewe tale (Pos — Inleiding, bls. 201—211, en Het Onbepaalde, bls. 31—2). Juis vir die kultuurtaal geld wat Gardiner sê: „If words are instrumental, sometimes at least they are instruments of a very exceptional kind. The fact of the matter is that many of the things about which one speaks are so intangible, so elusive, that the presence of the word itself is necessary if the thing is to be focussed at all” (bl. 54).

Al is die woordbetekenis meerduidelik en nie helder omlyn nie, bly die feit dat ons 'n konstante eenheid moet vind in die betekenis tensy ons wil verval in die beskouings wat ons so pas verwerp het. Gardiner skryf oor die feit dat die woord na so baie dinge moet kan verwys in soveel verbande en situasies, „hence every word without exception is a class-name” (bl. 38).

Wat is die aard van die woordbetekenis? Erdmann dui die betekenis aan as „Popularbegriff” (bl. 5), en Paul praat van die „usuelle Bedeutung,” d.w.s. „den gesamten Vorstellungsinhalt, der sich für den Angehörigen einer Sprachgenossenschaft mit einem Worte verbindet” (bl. 75). Maar Vendryes meen: „Die verskeidenheid van gebruike waaraan 'n woord blootgestel is, gee hom nie om dié rede 'n algemene waarde nie. Van die verskillende afsonderlike waardes wat die woord kan hê, kan mens *geen gemiddelde* skep nie: iedereen staan daar, volledig, en wag op die sein om hom te laat geld” (bl. 211).

Die mening dat die woordbetekenis 'n „begrip” is, kom telkens by die linguïste op, ten spyte van die feit wat Vendryes noem, nl. dat daar geen gemiddelde van die verskillende betekenis te vind is nie. Overdiep se „lexicologiese” of „etymologiese betekenis” is 'n abstraksie wat hy skep om die probleem van die meerduidelikheid (d.i. die verskillende betekenis van een woord) te omseil. Maar sy betekenisbegrip wortel nie in die werklikheid nie.

Om die wese van die woordbetekenis te begryp, moet ons uitgaan van sy **Handelingskarakter**, d.w.s. die wesenlikste kenmerk van die woord is dat hy „mobile” is, soos die Franse dit noem. *Taalgebruik bestaan „in het noemen van zaken door middel van een betekenis,”* sê Reichling (N. Tg. 31, bl. 317). En dieselfde betekenis word gebruik om uiteenlopende dinge te noem.

Die vergissing van baie taalkundiges kom daardeur dat hulle nie duidelik onderskei tussen die vorme van abstraktheid wat ons in die woordbetekenis vind nie. Hulle besef nie dat *alle betekenisse abstrak* is nie. Reichling noem dit „psychologies abstrak” (Het Woord, bl. 282). Dit is hierdie abstraksie wat Gardiner bedoel wanneer hy sê dat elke woord ’n „class-name” is. Die betekenis kleef nie aan dié ding soos ’n etiket aan ’n bottel nie; dit is vry toepasbaar, dus „psychologies abstrak.”

Maar alte dikwels word hierdie vorm van abstraktheid verwar met logiese abstraktheid. *Slegs enkele woordsoorte is logies abstrak*, veral voorsetsels, voegwoorde e.a. Soos Reichling verduidelik, *noem* sulke woorde onselfstandig, want hulle slaan op „dinge” in die sin (Het Woord, bls. 289—294). As ons twee sinne soos: „Ek bly tuis. Dit reent,” wil verbind, kan ons die woordjie *want* gebruik om die verband tussen die twee sinne aan te dui. „*Want*” *noem* nie selfstandig nie, maar sy *betekenis* is wel selfstandig. Hy is logies abstrak net soos alle voornaamwoorde, lidwoorde en voorsetsels. Die logies abstrakte woorde hoort tot wat Langeveld noem „gesloten woordsoorten” (bls. 60—1; vgl. Het Woord, bl. 285). Teenoor die „open woordsoorten” soos s.nwe., b.nwe. en wwe. wat gewoon psigologies abstrak is, verteenwoordig hulle tegniese (grammatiese) begrippe wat veel minder aanskoulik of emosioneel is.

Reichling onderskei nog ’n derde vorm: die *noëties abstrakte*. Wanneer die kléuter se begrip „Vader” met die jare abstrakter word, beteken dit nie ’n verlies van konkrete waardes nie, maar ’n aanwins van nuwe en meer onderskeidings. Noëtiese abstraksie sluit die logiese in! maar is meer (vgl. Het Woord, bls. 285—9).

3. BETEKENIS EN GEBRUIK

Teenoor die ou dwalinge van „voorstelling” en „begrippe” staan die moderne kettery wat stam van die moderne sielkundiges van Amerika, die Behaviourists.

Die Behaviourists wil niks van *voorstelling* en *begrippe* weet nie. So verklaar Bloomfield: „We have defined the meaning of a linguistic form as the situation in which the speaker utters it and the response which it calls forth in the hearer” (bl. 319).

Hoewel Bloomfield in sy eie boek die stelling probeer handhaaf deur die begrip *woord* uit te skakel ten gunste van „forms,” merk ons gou dat hy slegs die probleem verdoes, want ons vind tog gedurig verwysings na betekenis, kernbetekenis, betekenisverandering, ens. (t.a.p., hf. IX).

In ’n meer gematigde vorm vind ons die Behaviourists se invloed terug by Gardiner, Stern en Bühler. Hulle beskouings, asook dié van Ogden en Richards, is deur Reichling in sy groot werk „**Het Woord**” deeglik ontleed en juis aangeslaan.

As reaksie op die ouer skool van taalkundiges was dit ’n heilsame verandering om weer die situasie te beklemtoon en daarop te wys dat ons by alle taalgebruik ’n spreker (skrywer), hoorder (leser) en „dinge” het, afgesien van die woorde. Die ouer filoloë was maar alte geneig om taalgebruik te beskou as ’n soort speletjie met woorde en begrippe wat geen verband met die werklikheid het nie. Hulle het vergeet dat die woorde nie bedoel is om betekenis te hê nie, maar om dinge (die situasie) aan te dui en daarvoor kommentaar te lewer. Dié feit is deur die jonger skool beklemtoon. Hulle kon wys op die duidelike verband met ’n bepaalde situasie by tussenwerpsels soos: „Eina! — Arrie! — Voertsek! — Basta!” Maar ook bevel is situasie-gebonde: „Pas op! — Kyk daar!” En dit geld selfs vir ander woordsoorte in die sogenaamde elliptiese gebruik: „Mooi! — Goed, nè! — Ou perd!” Eintlik is die benaming „elliptiese” onjuis, om die rede wat Gardiner so treffend stel: „No amount of

words will ever complete the meaning of an utterance, if by *meaning* is intended the *thing-meant*. The thing-meant is always outside the words, not within them" (bl. 50). Die onderskeid tussen sulke uitroepe en gewone volle sinne lê in die graad van hulle situasie-gebondenheid, maar van alle woordsoorte bly dit 'n wesenlike kenmerk *dat die betekenis na iets buite die taal verwys*. Dit is egter onjuis om soos Bühler te wil onderskei tussen woorde wat bloot wys (Zeigwörter) en andere wat noem (Nennwörter). Vergelyk Bühler hff. II en III met Reichling hf. VII.

Indien ons Bühler se onderskeiding aanvaar, dan is ons terug by Bloomfield se opvatting dat die betekenis in die situasie opgeslote lê, en dan moet ons nog verklaar waar die konstante element is in al die immer wisselende situasies.

Oor die algemeen deins die meeste taalkundiges terug van so 'n radikale beskouing; hulle verkies om die betekenis te verduidelik in terme van sy *verband*. So verklaar Overdiep: „Een woord krijgt in den zin zijn feitelijke beteekenis. Deze feitelijke beteekenis geldt alleen voor het gebruik van het woord in dien éenen zin, en is ten deele afhankelijk van het woord of de woorden waarmee het woord tot groep is verbonden, ten deele van de zinsbeteekenis, d.w.z. van de gedachte of het gevoel, die in een bepaalde „sfeer” zijn uitgedrukt” (bl. 169).

4. WOORD EN SIN

Die probleem waarvoor ons hier staan, is gedeeltelik dieselfde as wat ons in **Betekenis en Ding** aangeroei het, maar dit vereis tog heelwat aanvulling.

Al sedert die dae van Paul en Wundt is daar gestry oor die vraag wat eerste kom, *woord of sin*. Daardie vraag het ook alles ingesluit wat ons nou hier bespreek, nl. of die woord 'n eie betekenis het, en of die sin nie eintlik die betekenis aan die woord verleen nie.

Ons standpunt is dat die sin ontstaan as 'n reaksie op 'n bepaalde situasie waarin spreker en hoorder hulle bevind. Maar dit is die woorde wat die situasie bepaal of

verhelder, en nie omgekeerd nie. Nou kan sowel spreker as hoorder ervaringe hê wat uit die situasie voortvloei, bv. ergernis, blydschap, 'n gewaarwording van blou lug, 'n jeugherinnering, ens. Dit is normaal om onder 'n gesprek sulke gevoelens te ervaar, maar dit is nie noodwendig deel van die gesprek nie. In die eerste plek hoef daardie ervaring nie gemeenskaplik aan spreker en hoorder te wees nie. In die tweede plek is selfs gemeenskaplike gewaarwordinge dikwels volkome onafhanklik van die woord. In die geval van 'n telefoongesprek bewys die woord duidelik sy krag as draer van die bedoeling, sonder die steun van 'n aanskoulike situasie.

Maar wanneer spreker en hoorder nà die eerste paar woorde in 'n gemeenskaplike situasie geraak het, kan die situasie 'n soort agtergrond of aanvulling van die volgende woorde word. 'n Deel van die ervaringe van die situasie sal waarskynlik gemeenskaplik word, maar dit is nie noodwendig betekenselemente nie. „Betekenis is niet datgene wat wij bij een woord denken, doch datgene wat we in een woord denken” (Reichling, bl. 243).

Daardie by-gedagte en by-gevoelde elemente kan 'n groot rol speel in die digkuns, soos uiteengesit deur Snyman in „**Literêre Styl met die Oog op Stylondersoek**” (bls. 58—71): „Die woorde word op so 'n wyse geaktiveer, dat metdat ons hulle verstaan, ook die sfere van ons gevoel en verbeelding in beroering gebring word Wat ons hier voor die gees kom is suiwer persoonlik, nie taalkundig nie” (bl. 67). Vandaar die (enigsins oordrewe) stelling dat die poëtiese nie in die woorde lê nie maar in die stilte om die woorde.

Natuurlik kan die ervaringsmomente somtyds deel word van die woordbetekenis. Soos Vendryes sê: „Deur gedurig dieselfde woord in dieselfde verband te gebruik kan die begrip op 'n dwaalspoor raak, sodat die gees by gebrek aan kontrole deur vergelyking [d.w.s. met ander gebruike — M. DE V.] geneig is om die betekenis te wysig” (bl. 231).

Ken ons „triestig” net in die verbinding „triestige weer,” dan kan dit vir ons gaan beteken „bewolk” of „onaangenaam.” So ook kan „mooi” in die ironiese

wending „'n mooi grap” blywend die teenoorgestelde gaan beteken.

Sulke gevalle skyn te bevestig dat die betekenis uit die gebruik gebore word en dat die sin voor die woord kom. Juis daarom moet ons hierdie probleemgevalle kortliks bespreek.

Jespersen noem hulle „formulas” en onderskei hulle skerp van „free expressions” (Phil. of Gr., bls. 18 vlg.). „A formula may be a whole sentence or a group of words, or it may be one word . . . that is not important, but it must always be something which to the actual speech-instinct is a unit which cannot be further analyzed or decomposed” (bl. 24).

Die verskynsel speel 'n belangrike rol by woordgroepe in Afrikaans, en ons kan die betekenis en gebruik van *glo* (bw.), *dankie*, *ja-nee*, e.a., daaraan toeskryf. In Engels speel dit 'n nog groter rol (vgl. Phil. of Gr., bls. 18—24, en Gardiner, bls. 45—6), bv.: „Don't mention it! — Je vous en prie. — Ich bitte.”

Opmerking: Hoewel 'n noukeurige ontleding van die verskynsel net binne die raamwerk van 'n uitvoerige beskouing van die sin en die woordgroep kan geskied, wil ek verwys na Reichling se opmerkings (bls. 368—370). Hy wys daarop dat die woorde onskeibaar is in sommige uitdrukkings „die berusten op toepassingsgewoonten in bepaalde situaties.” Dit kan aanleiding gee tot die ontstaan van nuwe woorde, maar die aanleiding lê nie in woord of sin nie, dog in „psychiese condities, die voortdurende herhaling mee kan bringen” (bl. 370). Reichling toon ook aan hoe woorde soos *te* slegs „unilateraal scheidbaar” is; nietemin behou sulke woorde hulle identiteit (vgl. verder bls. 371—2).

Al het ons nou aangetoon dat die woord nie sy betekenis uit die sin haal nie, en ook dat die bygedagte en bygevoelde elemente wat so dikwels as betekenselemente beskou word, dit nie is nie, keer ons tog terug tot die feit dat die woord pas in die sin lewe. *In die sin word die woord betrek op die werklikheid*, of anders gesê, *word dit toegepas op dinge*. Dit is ook waar dat die sin 'n eenheid

toon, want ons vind die verbasende feit *dat hoewel die woorde mekaar in tyd volg, die sin vir die gees van spreker en hoorder in al sy dele as 't ware gelyktydig aanwesig is* (Reichling, bls. 416, 433). Dit is nie net die voorafgaande wat die volgende bepaal nie, maar ook die volgende bepaal die voorafgaande. Vgl. „Reën julle nie” (onbegryplike stelling) „nat nie?” (die slot bepaal die begin).

Hierdie samehang van die sinsdele, wat op hulle beurt weer geskakel is aan die situasie en sy ervaringsmomente, vorm 'n „Aktualwerk” in Bühler se woorde. Dit lyk agterna so 'n hegte eenheid dat ons maklik uit die oog verloor dat die opbou van daardie geheel berus op die fondament van woordbetekenisse. Dit is die woorde wat aanvanklik sin verleen aan die situasie, en die sistematiese samehang van die taalelemente (wat Reichling die *symboolveld* noem) hang van die afsonderlike woorde af. Wanneer ons begin met 'n woord soos „Kan...,” dan is ons gedwing om die sin op 'n bepaalde manier te voltooi, bv. „...jy my sê...,” „...dit waar wees...,” ens.

Nou kan ons tenslotte tog toegee dat die woord uit die sin gebore word, maar glad nie soos dit gewoonlik bedoel word nie: Wanneer die spreker besig is om met 'n sin (van watter lengte of aard ook al) te antwoord op 'n bepaalde prikkel, dan formuleer hy sy gedagte, en tydens die formulering beskou hy die moontlike woorde blitssnel en heg dan aan hulle die betekenis wat hy seek. Maar die (nuwe) betekenis wat hy aan 'n woord heg, moet binne die moontlikhede van daardie bepaalde woord se betekenis val (vgl. Reichling, bl. 433).

5. EENHEID EN MEERDUIDIGHEID VAN DIE WOORDBETEKENIS

In **Betekenis en Begrip** het ons die betekenis as 'n soort gebruiksbegrip leer ken, as iets abstraks met 'n konstante waarde wat nie te ontken is nie maar ewemin te omskryf.

Dit bekleë 'n soort middelposisie tussen blote aanduidingsklank en afgetrokke begripsimbool, m.a.w. dit is 'n

gebruiksbegrip of Verwendungsgedanke. Nou bly nog die laaste probleem: *Hoe kan 'n woord sy eenheid handhaaf as hy soveel kan beteken?* Of anders gestel: *Watter verband bestaan daar tussen die verskillende „betekenisse” van een woord?*

Die antwoord gee Reichling in die 8ste hoofstuk van *Het Woord* (vgl. ook N. Tg. XXXI).

In kort is dit sy betoog: Die afsonderlike waardes van een woord, die betekenisonderskeidings, is *disjunktief relevant*, d.w.s. as 'n boer of 'n bioloog die woord „koel” gebruik, is die betekenisonderskeidings van die twee nie eenders nie, maar daar is tog genoeg ooreenkomste om mekaar te verstaan. In Reichling se woorde: „Te zeggen dat spreker en hoorder eenzelfde woord gebruiken, betekent niet, dat zij beiden in hun woord *dezelfde betekenisonderskeidings actueren*, doch het betekent enkel, dat zij beiden *eenzelfde betekenis-eenheid actueren*, waarvan de actuele relevanties eventueel volkomen van elkaar kunnen verschillen” (bl. 325, my kursivering; vgl. ook bl. 326).

Ons kan dit toepas op 'n woord soos *huis*. Wanneer iemand vir die eerste keer die onderskeiding hoor aanbring wat ons vind in „van 'n goeie huis,” dan kan hy by sy onderskeidings (a) huis = *gebou*, (b) huis = *woning*, (c) huis = *tuiste*, (d) (kos)huis = *inrigting* nog byvoeg (e) huis = *geslag* of *familie*.

Nou is dit moontlik dat die verband tussen die afsonderlike onderskeidings van 'n woord iemand ontgaan en hy hulle as aparte homonieme beskou, bv. *bas* = „instrument” en *bas* = „sanger”; *kant* = „sy” en *kant* = „borduursel”; *kraan* = „voël” en *kraan* = „hyswerktuig” (De Vooy's: *Homoniemen*, ens., N. Tg. 33, bl. 3). Dit spreek ook eintlik vanself dat daar geen objektiewe maatstaf is of ons met twee onderskeidings van dieselfde woord te maak het nie, of met twee woorde. Maar dit is oorgangsgevalle en toon ons net die wye rekbaarheid van die betekenis-eenheid.

Die tweede beginsel wat Reichling stel, is dat die onderskeidings *disjunktief toepaslik* is. Dit is wel iets

anders as *disjunkte relevansie*; laasgenoemde beteken dat die betekenis nog dieselfde bly al word watter onderskeiding ook al geaktueer, maar met *disjunkte toepassing* word bedoel dat die spreker bewus een onderskeiding gebruik en die ander nie. Wanneer iemand met sy motor langs die pad sukkel, dan dink hy nie aan die ander betekenisonderskeidings as hy vertel van sy „band” wat lek nie. Daarenteë pas die spreker die onderskeidings *konjunktief* toe as hy vra of die „pap” van hout wat vir papiervervaardiging nodig is, kan geëet word.

Nou is dit duidelik wat Vendryes bedoel wanneer hy verklaar: „Onder die verskillende betekenisonderskeidings (sens) van 'n woord dring slegs dié tot die bewussyn deur wat deur die verband bepaal is. Al die ander is afgeskaf en vernietig; hulle bestaan nie” (bl. 207). Daarby sluit ook aan sy ander juiste opmerking: „As al die betekenis van 'n woord tegelyk te voorskyn moes tree, sou mens in die gesprek onophoudelik die hinderlike indruk van woordspelings ervaar” (bl. 209).